# Die Kruin-o-gram

25 Julie 2021 - Uitgawe 04

## Wie eerste is, sal laaste wees | Matteus 19:16-30

Die evangelie volgens Matteus, is die eerste boek in die Nuwe Testament en vorm deel van die Sinoptiese evangelies. Die boek vertel die verhaal van die Messias genaamd Jesus. In hierdie verhaal gaan Jesus na sy mense toe en vorm ‘n gemeenskap van dissipels en ander volgelinge. Die verhaal ontknoop deur die wonderwerke van Jesus, asook Jesus se Bergprediking, wat ‘n steunpilaar is in die Matteus evangelie. Hierdie prediking en lering van Jesus bring skeiding binne Joodse kringe en dit loop uit in Jesus wat tot die dood veroordeel is. Die verhaal eindig met ‘n sendingsopdrag na die nie-Joodse wêreld.

Die boodskap wat Matteus wil oordra, is dat die Joodse tradisies moet nie vergeet word, in ‘n kerk wat al hoe meer nie-Joodse gelowiges aanneem, nie. Die evangelie is dan ‘n refleksie van die kerk se eerste groot debat – ‘moet ek ‘n Jood wees, om ‘n Christen te wees?’. Hierdie word veral na die voor gebring wanneer Jesus die Fariseërs en Skrifgeleerdes aanspreek. Jesus se kritiek van hulle is so groot dat hy die Koninkryk van God weg van hulle afneem en dit dan aan die Kerk gee. Jesus se goddelikheid word ook in die evangelie aangespreek. Waar Markus sy evangelie begin met Jesus se doop en Jesus se versoeking in die woestyn, begin Matteus sy vertelling met Jesus se geboorte. In hierdie vertellings word Jesus uitgewys as die Seun van God, asook die vervulling van al die Messianse beloftes wat gevind word in die Ou Testament. Die titel, die Seun van Dawid, wat aan Jesus toegeskryf word, bekragtig ook Jesus se bestaan as die Messias. As die Seun van die Mens, sal Jesus terugkom om die wêreld te oordeel, hierdie word aan die disippels openbaar, maar nie aan die vyande van Jesus nie. As die Seun van God, is Jesus die openbaring van God en die menswording van God.

Meeste akademici is in eens dat die evangelie tussen 80-90 CE geskryf is, met ‘n moontlikheid van tussen 70-110 CE. Daar is ook ‘n teorie wat Matteus voor 70 CE plaas. Die evangelie self dui nie die skrywer van die evangelie aan nie en Matteus word as ‘n pseudoniem gebruik. Matteus is in ander woorde die perfekte boek om te gebruik as ‘n brug tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
   a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
   b. Wat het jy hierdie vakansie gedoen?

2. Na God
   a. Lees Matteus 19:16-30
   b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
   c. Wat sê hierdie gedeelte oor God?
   d. Wat verwag hierdie gedeelte van ons as gelowiges?
   e. Hoekom moet ons aan hierdie verwagting voldoen?

3. Na mense
   a. Hoekom moes die man alles wat hy het verkoop?



# Die 3de Kwartaal


Hierdie kwartaal wat voorlê gaan ons begin in die Nuwe Testament van die Bybel. Ons het mos die laaste twee kwartale gekyk na Bybelverhale in die Ou Testament. Ons sal volgende jaar aangaan met stories uit die Ou Testament. Volgende Sondag gaan ons begin by Jesus geboorte. Al is dit nie Kersfees nie, kan ons mos nogsteeds die wonderlike verhaal lees.

Die Bybelstories waarna ons hierdie kwartaal gaan kyk is die volgende:

1. Die koning is gebore - Lukas 2:6
2. Jesus by die tempel - Lukas 2:41-52
3. Johannes praat oor Jesus - Johannes 1:19-34
4. Jesus kies 12 dissipels - Markus 3:13-19
5. Kuier saam met Jesus - Matteus 19:13-15
6. Water verander in wyn - Johannes 2:1-11
7. Jesus maak die storm stil - Markus 4:35-41
8. Dokter Jesus - Markus 5:21-24; 35-43
9. 'n Blinde kan weer sien - Lukas 18:35-43

Watter een van die Bybelstories het jy al gehoor?

Skryf die naam van die storie in die Bybel.



## Verjaarsdae

Ons is baie jammer dat ons nie vir die volgende paar weke verjaarsdae gaan plaas nie.

Deline Janse Van Rensburg, wat al vir jare elke week getrou ons verjaarsdaglys saamstel, is ongelukkig baie siek.

Deline, ons bid jou 'n spoedige en volkome herstel toe.

As u in die komende weke verjaar
**beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Anelda Du Toit
Rita Pieters - Yvonne Lombard - Japie De Clerq
Colene Smith - Dr. Hennie van Buuren
Miné van der Merwe (10 jaar oud)
Allison Lobo Das Neves - Will Kearney
Carine, Gerrie Jamneck se vriendin

**GESONDHEID**
André Grundling - Johanna Coetzer

**OPERASIES**
Marietjie Pienaar - Baba Reinhardt van Stade

**COVID**
Jan en Deline Janse van Rensburg - Lenie Marx
Marelise Minny - Frans en Martie van der Merwe
Jacques, Eunice Ellis en die 2 kinders - Phillip Venter
Hans en Elize Steyn - Rozanne Steyn (19 weke swanger)
Vonnie Jacobs - Johan en Maggie - Danél Swart
Hannes van Deventer - Manda Booyse - Doret Fischer
Anna Du Toit (Petrea se skoonma)

**AFSTERWE**
André Jooste - Richard Nolan - Lukas Neethling
Oom Johan Visser se broer, Henning

**GEBOORTES**
Tia en Japie de Jager – Melizé
Bianca en Paul Steyn - Lianca

**SWANGERSKAPPE**
Herman en Rozanne Steyn

**ONS BID OOK VIR**
Ons regering, gesondheidswerkers
en almal wat geaffekteer is deur Covid-19

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper